

Tema: Glo ons werklik dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur doop?

Voorlesing: Joh 1:29-34; Markus 1:1-8 en Luk 3:15-17

Volgens al vier die Evangelies het Johannes die dooper Jesus bekend gestel as die een “wat met die Heilige Gees doop”. Volgens twee van hulle (Matteus en Lukas) het hy “en met vuur” bygevoeg. Slegs die Evangelie volgens Johannes sê dat Johannes die dooper ook na Hom verwys het as “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” (Joh 1:29)

1. Hy is “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem” (v 29)

Al die bloedoffers van diere in die Ou Testament kon dit nie vermag nie, want slegs ‘n mens kan vir die sonde van die mensdom versoening doen. Jesus is daardie mens wat deur God self gestuur is om soos “lam sonder gebrek” vir ons “geslag” te word.

Hierdie versoeningswerk van Christus is aan ons bekend en ons glo vas daarin dat Hy so vir ons die vrypraak van God verwerf nie.

2. Hy is die Een “wat met die Heilige Gees doop” (v 33) “en met vuur” (Mat 3:11)

Jesus self het by voor sy kruisiging gesê: “*Ek het gekom om vuur op die aarde aan te steek, en hoe wens Ek dat dit al aan die brand is!*” (Luk 12:49)

Hierdie fokus op Jesus wat met die Heilige Gees en met Vuur doop ontbreek dikwels by ons. Ons glo vas in sy versoeningswerk aan die kruis, maar glo ons net so vas in sy vervullingswerk vanuit die hemel?

Anders gestel: Glo ons net in die vernederde Jesus of glo ons ook in die verheerlikte Jesus? Die vernederde Jesus het gesterf en opgestaan vir ons sonde; die verheerlikte Jesus het die Heilige Gees oor ons uitgestort, sodat ons met God se krag Hom hier op aarde kan verteenwoordig.

3. As ons dit glo, sal ons dit ook biddend soek (Luk 11:12)

“As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra!”

Dit maak nie sin as ‘n mens dit hier verstaan dat jy vir die Heilige Gees vra wat geloof, bekering en wedergeboorte moet bewerk nie. Dit is juis Hy wat jou al klaar laat bid! Hoe kan jy dan nog vir Hom vra?

Dit maak wel sin as ons hier verstaan dat ons moet vra vir die vervulling van God se Belofte, nl die kragvolle inwoning van die Gees, of dan dat Hy ons doop met die Gees.

Dit is wat die eerste gelowiges gedoen het en dis wat ons ook behoort te doen.

Toerusting: Hoe verwys die Skrif na die doop met die Heilige Gees?

Jesus self het na die doop met die Heilige Gees verwys toe Hy gesê het: "...julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."(Hand 1:8)

Dit het so gebeur met Pinkster (Hand 2) en party glo dat dit toe die eerste en laaste "doop" met die Heilige Gees was. Dit wat met Pinkster in Jerusalem gebeur het was wel uniek, omdat dit die begin van die Nuwe Bedeling inlui.

Tog getuig die res van die boek Handeling en ook die res van die Nuwe Testament dat die doop met die Gees telkens weer beleef sou word alhoewel dit met ander woorde beskryf is:

Hulle het die Gees "ontvang" (Hand 8:15);

Hulle is "vervul" met die Gees (Hand 2:4);

Die Gees is oor hulle "uitgestort" (Hand 2:18)

Die Gees het "op almal gekom" (Hand 10:44).

Jesus het ook daarna verwys as dat die Vader sy Gees sal "stuur" (Joh 14:16,17)

Jesus het ook gesê dat die Heilige Gees sal "kom" toe die apostels al reeds in Hom geglo het (Joh 16:13).

Dit gaan dus nie oor die Gees wat deur die verkondiging van die Woord geloof bewerk nie. Dit gaan wel oor die Gees van God wat ons met Krag toerus om te getuig. Glo ons so in Hom?

Volgende week: Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak (Mat 3:12)